Gr. R en Voorgraad R: Tree ons op in belang van jong kinders?

Voorskoolse kinders is wonderlike wesens. Hulle absorbeer kennis teen ‘n duiselingwekkende spoed, hul is nuuskierig, hul is leergierig, hul is terselfdertyd uiters broos en kwesbaar.

HOE LEER KINDERS:
Kinders leer deur te speel, te ervaar, self te doen, te ontdek, te verken, te kommunikeer, deur probleme op te los, vrae te vra, vrae te antwoord, deur planne te maak, deur self te dink, deur te beweeg. Kinders in hierdie fase, selfs tot Gr. 3 is afhanklik van sensories-motoriese leer. Hul leer deur beweging en die gebruik van al hul sintuie.

Om dit reg te kry, moet ouers en opvoeders ‘n deeglike kennis van die ontwikkelingsvlakke van jong kinders hê. Hulle moet weet dat jong kinders in ‘n informele breinfase is en daarom informeel moet leer, dat hul toegelaat moet word om self te doen en te ontdek. Ouers en onderwysers is verantwoordelik daarvoor om taal by die ervarings wat kinders het te voeg, sodat begrip kan ontwikkel. **Gespesialiseerde opleiding** is dus nodig vir hierdie spesialiseringsveld in onderwys, om te verseker dat die onderwyser toegerus is om jong kinders effektief te begelei om tot volle potensiaal te ontwikkel.

GEVARE VAN TE VROEË BLOOTSTELLING AAN FORMELE LEER:
Wanneer kinders te vroeg blootgestel word aan formele leer, word baie van die eienskappe wat nodig is vir die ontwikkeling van kreatiewe en kritiese denke doodgedruk. Kinders leer om net te doen wat ‘n volwassene sê en leer om net te eggo wat die volwassene sê en doen. Ons vind dikwels dat kinders wat te vroeg aan formele onderrig blootgestel word hul leergierigheid verloor en ‘n weersin in skoolgaan ontwikkel.

ONTSLUIT DIE WONDERLIKE WÊRELD:
Ouers en onderwysers van jong kinders het so ‘n groot voorreg om die wonderlike wêreld waarin ons leef vir kinders te ontsluit. Kinders floreer wanneer hul toegelaat word om hul omgewing en alles daarin te ontdek. Hul ontwikkel met rasse skrede as die geleentheid vir spontane leer geskep word.

Algemene kennis en taal word uitgebrei deur die belewing van verskillende interessante onderwerpe, waar kinders die geleentheid gegee word om self te ontdek en werklike voorwerpe te hanteer. Taalontwikkeling vind deurlopend plaas, maar kry ekstra aandag met die aanleer van versies en liedjies, wat by hul ouderdom pas. Hul sensoriese vaardighede word ontwikkel deur die belewing van alle aktiwiteite met al hul sintuie.

Verbindings in die brein vind in die voorskoolse fase hoofsaaklik deur beweging plaas, daar moet dus baie aandag aan die uitvoer van verskillende uitdagende bewegings gegee word, soos kruip, hardloop, spring op een beentjie, spring op twee bene, balanseer op balanseerbalke, galop, huppel, klim en klouter, swaai en draai.

Kinders ontwikkel informeel wiskundige begrippe deur in sand en water te speel. Hul breine ontwikkel wanneer hul met allerhande wielspeelgoed ry, soos fietsies,

skopfietse en sleepwaens wat hul kan stoot of trek. Hul leer om sosiaal te verkeer en ontwikkel emosioneel wanneer hul verskillende rolle vertolk gedurende verbeeldingspel.

Kinders word kreatief gebore en leef hul uit wanneer hul toegelaat word om hul eie prente te teken, te verf, te skeur, te frommel, te knip of plak. Hul bou wonderlike konstruksies met blokke en ander konstruksie-apparaat, soos gekoopte speelgoed, klippe of bakstene.

Hul dink hul eie liedjies en dansies uit en kan planne maak om probleme op te los, indien hul aangemoedig word om dit te doen.

Wanneer oplossings vir probleme voorsien word, hou kinders op om self te dink. Wanneer fotostate of inkleurboeke as skeppende aktiwiteite of kuns gesien word, word die kind se kreatiewe denke vernietig. Indien ons verwag dat kinders ons voorskrifte slaafs moet navolg en die prente skep wat ons uitgedink het, raak kinders lui en doen maar net wat ons sê. Hul potensiaal word dus nie ontwikkel nie.

Ons wil juis hê ons kinders moet ver bo ons uitstyg, moet hul potensiaal bereik, moet floreer in die uitdagende dekades wat voorlê. Ons moet jaloers waak oor die programme waaraan ons jong kinders blootgestel word, sodat hul nie net klone van die volwassenes in hul lewe word nie, maar dat hul unieke, denkende, ontdekkende, leergierige leerders word, wat nie genoeg kan kry van die moontlikhede wat in ‘n ontwikkelende wêreld bestaan nie. In belang van jong kinders!

Wilna van Rooyen 2021 Maart 30